

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

STAPGEWYSE GIDS VIR DIE HANTERING VAN MENSLIKE OORSKOT MET COVID-19 IN GESONDHEIDSORGFASILITEITE

Toerusting en materiaal:

- Persoonlike Beskermende Toerusting (PPE): Oogbeskerming soos 'n skermbril of 'n gesigskerm, oorjas en waterdigte voorskoot, mediese of chirurgiese masker en niesteriele handskoene.
- Ontsmettingsmiddel: Minstens 70% alkohol of 0,5% (5 000 ppm) bleikmiddel (natriumhipochloriet) - oplossing (1 koppie (250 ml) bleikmiddel tot 6 koppies water).
- Lyksakke vir dubbele bedekking.
- Rooi sakke vir gesondheidsorgafval vir dubbele bedekking van afval en weggooibare PPE.

Belangrike kennisgewing: Kontak die Forensiese Patologiediens in die geval van onnatuurlike sterftes.

Stapsgewyse gids:

1. Kontak die spesifieke omgewingsgesondheidspraktisyn (EHP) in die munisipale distrik om te verseker dat die hantering van die menslike oorskot streng gemonitor word regdeur die proses.
2. Kontak die gekontrakteerde begrafnisondernemer wat verantwoordelik is vir die verwydering van die menslike oorskot uit die gesondheidsorgfasiliteit na die begrafnisondernemer se perseel.
3. Die begrafnisondernemer moet teenwoordig wees wanneer die liggaam ontsmet en voorberei word vir verwydering.
4. Sorg dat jy gepaste PPE dra voordat jy 'n oorledene se liggaam hanteer.
5. Sorg dat die begrafnisondernemer se personeel gepaste PPE dra omdat hulle dalk moet help.
6. 'n Ontsmettingspuitmiddel met 70% alkohol of 'n 0,5%(5 000 ppm)-bleikmiddeloplossing moet beskikbaar wees gedurende die proses.
7. Spuit die voorkant, rugkant en sye van die liggaam (asook kledingstukke of hospitaaljurk) met die alkohol- of bleikmiddeloplossing.
8. Plaas die liggaam in 'n lyksak en verseël dit.
9. Verwyder die linne van die bed, plaas dit korrek in 'n oplosbare linnesak en stuur dit so gou as moontlik na die Wassery waar dit verder hanteer moet word volgens die goedgekeurde linnebeleid.
10. Linne wat baie vuil is en nie by 'n sentrale en privaat wassery gespoel kan word nie, moet as gesondheidsorgrisiko-afval (HCRW) hanteer word.
11. Spuit die buitenste oppervlak van die eerste lyksak met die alkohol- of bleikmiddeloplossing.
12. Verwyder handskoene en ontsmet hande.
13. Sit 'n skoon paar handskoene aan.
14. Berei die tweede lyksak voor deur dit op die begrafnisondernemer se draagbaar te plaas.
15. Sorg dat iemand die trollie veilig en stabiel vashou.
16. Plaas die eerste lyksak binne-in die tweede lyksak en verseël dit. Spuit die tweede sak met die alkohol- of bleikmiddeloplossing.
17. Sorg dat die buitekant van die tweede lyksak nie gekontamineer word nie.
18. Die toepaslike "BIOHAZARD"-waarskuwingsetiket wat "Hazard Group 3 Pathogens" aandui, moet aan die buitekant van die tweede lyksak geheg word.
19. Spuit die wiele en enige ander oppervlak van die begrafnisondernemer se draagbaar wat dalk gekontamineer is voordat die area verlaat word.
20. Verwyder PPE, plaas die weggooibare items in 'n rooi sak en verseël dit met kabelbinders ("cable ties") vir die verwydering van gevaarlike mediese afval, en hou dit weg van alle ander mediese afval. Merk alle sakke sodat dit maklik geïdentifiseer kan word.
21. Plaas die bogenoemde in 'n ander rooi sak, maak dit met kabelbinders vas en merk as 22. COVID-19.
22. Pas handigiëne toe.



**Wes-Kaapse
Regering**

Gesondheid

